PATIENT INFORMATION LEAFLET

SCHEDULING STATUS
To be assigned

NEUROXCEL® Recharge Effervescent Tablets Sucrose, Lactose, Gluten and Tartrazine free Contains Isomalt, Sorbitol & Sucralose

Complementary Medicine - Discipline Specific Combination Product.

Read this leaflet carefully because it contains important information for you

NEUROXCEL® Recharge is available without a doctor's prescription, for you to maintain your health. Nevertheless, you still need to use NEUROXCEL® Recharge carefully to get the best results from it.
- Keep this leaflet as you may need to read it again.
- Do not share NEUROXCEL® Recharge with any other person.
- Ask your healthcare professional or pharmacist if you need more information or advice.

What is in this leaflet

1. What NEUROXCEL® Recharge is and what it is used for.
2. What you need to know before you take NEUROXCEL® Recharge.
3. How to take NEUROXCEL® Recharge.
4. Possible side effects.
5. How to store NEUROXCEL® Recharge.
6. Contents of the pack and other information.

1. What NEUROXCEL® Recharge is and what it is used for

NEUROXCEL® Recharge is a health supplement intended to support energy production and temporarily promote alertness, wakefulness, relieve fatigue, and increase mental activity in adults.

2. What you need to know before you take NEUROXCEL® Recharge

Do not take NEUROXCEL® Recharge if you have:
Hypersensitivity *(allergic reaction)* to any of the ingredients of NEUROXCEL® Recharge *(as listed below in section 6)*.

NEUROXCEL® Recharge should not be used if you suffer from:
- high levels of Calcium in either your blood or urine;
- chronic kidney disease;
- renal osteodystrophy with hyperphosphataemia *(a bone disease caused by incorrect functioning of the kidneys)*;
- Sorbitol Intolerance, a rare hereditary condition.

Warnings and Precautions
The indicated daily dose of NEUROXCEL® Recharge should not be exceeded.

NEUROXCEL® Recharge contains 13-15 mg Caffeine in each Effervescent tablet which may result in sleep deprivation *(A cup of instant coffee contains approximately 80 mg of caffeine)*.

Consumption with other caffeine-containing products or foods *(e.g. medications, coffee, tea, colas, cocoa, guarana, maté)* is not recommended.

Consult your Healthcare Professional if:
- you are taking any other medicine *(such as lithium)* including chronic, complementary, or traditional medicines;
- you have high blood pressure, glaucoma, and/or detrusor instability *(overactive bladder syndrome)*;
- you suffer from a bleeding or Haemostatic disorder;
- you are taking blood thinners, such as Warfarin *(due to the Green Tea Content)*;
- you are asthmatic with sensitivity to aspirin;
- your symptoms worsen;
- you want to use NEUROXCEL® Recharge continuously for longer than 12 weeks *(due to the Green Tea Extract)*.

You should stop using NEUROXCEL® Recharge two weeks *(14 days)* prior to surgery.

NEUROXCEL® Recharge contains Isomalt and Sorbitol, which may have an effect on blood sugar levels of individuals struggling with Diabetes Mellitus.

Stop using NEUROXCEL® Recharge if you experience insomnia, anxiety or headaches due to the Ginseng content.

NEUROXCEL® Recharge is intended to be used by Adults only and should not be given to children below the age of 18 years *(due to the Ginseng & Green Tea content)* unless under the direct supervision of a qualified healthcare professional.

Other medicines and NEUROXCEL® Recharge
Always tell your healthcare professional if you are taking any other medicines. This includes complementary or traditional medicines.

Consuming with other medicines *(e.g. bitter orange extract, synephrine, octopamine, ephedra, ephedrine)* which increase blood pressure with NEUROXCEL® Recharge is not recommended.

Take NEUROXCEL® Recharge 2 hours before or after taking other medications including other natural health products.

A high dose Vitamin D may increase the risk of hypercalcaemia.

Fertility, Pregnancy and Breastfeeding
If you are pregnant or breastfeeding, think that you may be pregnant or planning to have a baby, please consult your doctor, pharmacist, or other healthcare professional for advice before taking this medicine.

If you are of childbearing age, pregnant or breastfeeding and have concerns that your daily intake of caffeine from all sources may exceed 200 mg per day, please consult a relevant healthcare provider prior to use.

The safety of Ginseng & Green Tea as contained in NEUROXCEL® Recharge indicated in section 6 have not been tested during pregnancy.

Driving and using machines
NEUROXCEL® Recharge does not have any effect on the ability to drive or the use of machinery.

3. How to take NEUROXCEL® Recharge

Do not share medicines with any other person.
Always take NEUROXCEL® Recharge exactly as described in this leaflet or as your doctor, pharmacist or other healthcare professional has advised you. Check with your doctor or pharmacist if you are not sure.

For oral use only.

The usual dosage is one NEUROXCEL® Recharge Effervescent tablet dissolved in a glass of water in the Morning with breakfast.

NEUROXCEL® Recharge must always be taken after meals.

Do not swallow the Effervescent tablet whole or chew it, the Effervescent tablet must be dispersed in a glass of approximately 200 ml water.

NEUROXCEL® Recharge can be taken daily for as long as your healthcare professional indicates for you to use it.

If you take more NEUROXCEL® Recharge than you should
In the event of an overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact your nearest hospital or poison centre.

If an overdosage is suspected, NEUROXCEL® Recharge should be stopped immediately.

Treatment is generally symptomatic and supportive.

If you forget to take NEUROXCEL® Recharge
Do not take a double dose of NEUROXCEL® Recharge to make up for a forgotten individual dose.

4. Possible side effects

NEUROXCEL® Recharge can have side effects in exceptional instances.

Not all side effects reported for NEUROXCEL® Recharge are included in this leaflet. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking NEUROXCEL® Recharge, please consult your healthcare professional for advice.

Less Frequent side effects:
- nausea (feeling sick)
- diarrhoea
- constipation
- indigestion
- bloating
- flatulence

Frequent side effects:
- bright yellow urine

Reporting of adverse reactions:
Should you notice any side effects not mentioned in this leaflet, report it to AnaStellar Brands (Pty) Ltd via pharmacist@anastellar.co.za, (011) 792 4601 or https://anastellar.co.za.

By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of NEUROXCEL® Recharge.

5. How to store NEUROXCEL® Recharge

Store all medicines out of reach of children.
Store at or below 25 °C.
Do not refrigerate or freeze.
Protect from light and moisture.
Store in the original container.
Keep the Effervescent tablets in the tube until required for use, don't decant into other containers.
Do not store in a Bathroom or Kitchen.
Return all unused medicine to your pharmacist.
Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g., toilets).

6. Contents of the pack and other information

What NEUROXCEL® Recharge contains:

NEUROXCEL® Recharge is comprised of 1 Component:

Each Effervescent Tablet contains:

Vitamin B1 (Active) derived from Thiamine Pyrophosphate 25 mg	**25**	**mg**
Vitamin B2 (Active) derived from Riboflavin-5-Phosphate 13 mg	**10**	**mg**
Nicotinamide Riboside derived from Vitamin B3 300 mg	**300**	**mg**
Vitamin B6 (Active) derived from Pyridoxal-5-Phosphate Monohydrate 108 mg	**100**	**mg**
Vitamin B12 (Active) derived from Methylcobalamin 100 µg	**100**	**µg**
Folate (Active) derived from (6S)-5-Methyltetrahydrofolate 694 µg	**500**	**µg**
Vitamin D3 derived from Cholecalciferol 10 mg	**1 000**	**IU**
Ginseng [Root] derived from *Panax Ginseng* Dried 5:1 Extract 200 mg	**40**	**mg**
Green Tea [Leaf] derived from *Camellia sinensis* Extract 100 mg providing 13-15 mg Caffeine	**100**	**mg**

The other ingredients are Citric Acid Anhydrous, Isomalt, Citrus Flavour, Polyethylene Glycol, Polyvinylpyrrolidone, Silicon Dioxide, Sodium Benzoate, Sodium Bicarbonate, Sorbitol, Sucralose and Tartaric Acid.

NEUROXCEL® Recharge is Sucrose Free.
Sweeteners: Isomalt (0,4 g), Sorbitol (0,3 g), and Sucralose (17 mg) per tablet.

What NEUROXCEL® Recharge looks like and the contents of the pack

NEUROXCEL® Recharge is available as a 10 Day Supply Citrus Effervescent Tablet.

10-day supply:
Each pack contains 1x Polypropylene IML printed tube with LDPE tamper evident push down white desiccant stoppers with 10x Yellow Citrus coloured Effervescent tablets contained in the tube.
Pack size of 10x Effervescent Tablets enclosed within a cardboard carton.
Unit Carton with 1x Tamper Proof Seal on the lid opening.

Holder of Certificate of Registration

AnaStellar Brands (Pty) Ltd.
PO Box 639
Fontainebleau
2032
South Africa
+27 (0)11 792 4601

Registration Number

To be assigned

This leaflet was last revised in October 2025

The Professional Information leaflet is available on https://anastellar.co.za

This unregistered medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality, safety, or intended use.

NXR/LF/01

PASIËNT-INLIGTINGSPAMFLET

SKEDULERINGSTATUS
Moet toegeken word

NEUROXCEL® Recharge Bruistablette
Sukrose-, Laktose-, Gluten- en Tartrasienvry
Bevat Isomalt, Sorbitol & Sukralose

Aanvullende Medisyne - Dissipline-spesifieke Kombinasieproduk

Lees hierdie pamflet sorgvuldig deur, want dit bevat belangrike inligting vir jou

NEUROXCEL® Recharge is sonder 'n doktersvoorskrif aan jou beskikbaar om jou gesondheid in stand te hou. Nogtans moet jy bedagsaam wees wanneer jy NEUROXCEL® Recharge gebruik om die beste resultate daarvan te kry.
- Hou hierdie pamflet, want dit mag nodig wees om dit weer te lees.
- Moenie NEUROXCEL® Recharge met iemand anders deel nie.
- Vra jou gesondheidspraktisyn of apteker as jy meer inligting of advies benodig.

Wat is in hierdie pamflet

1. Wat NEUROXCEL® Recharge is en waarvoor dit gebruik word.
2. Wat jy moet weet voordat jy NEUROXCEL® Recharge neem.
3. Hoe om NEUROXCEL® Recharge te neem.
4. Moontlike newe-effekte.
5. Hoe om NEUROXCEL® Recharge te bewaar.
6. Die inhoud van die kartondosie en ander inligting.

1. Wat NEUROXCEL® Recharge is en waarvoor dit gebruik word

NEUROXCEL® Recharge is 'n gesondheidsaanvulling met die doel om energieproduksie te ondersteun, tydelike wakkerheid en waaksaamheid te bevorder, uitputting te verlig en verstandelike aktiwiteit in volwassenes te verhoog.

2. Wat jy moet weet voordat jy NEUROXCEL® Recharge neem

Moenie NEUROXCEL® Recharge gebruik indien:
Jy 'n hipersensitiwiteit *(allergiese reaksie)* vir enige van die bestanddele van NEUROXCEL® Recharge toon nie *(word in afdeling 6 aangegee)*.

NEUROXCEL® Recharge behoort nie gebruik te word as jy ly aan:
- Hoë Kalsiumvlakke in jou bloed of urine;
- 'n Kroniese nierkwaal;
- nier-osteodistrofie met hiperfosfatemie *('n beensiekte veroorsaak deur wanfunksionering van die niere)*;
- intoleransie vir Sorbitol, 'n seldsame oorerflike toestand.

Waarskuwings en Voorsorgmaatreëls
Die aangeduide daaglikse dosis van NEUROXCEL® Recharge moet nie oorskry word nie.

NEUROXCEL® Recharge bevat 13-15 mg Kafeïen in elke Bruistablet, wat slaapverlies tot gevolg kan hê *('n Koppie kitskoffie bevat ongeveer 80 mg kafeïen)*.

Die gebruik saam met ander kafeïenbevattende produkte of voedsel *(bv. medikasies, koffie, tee, koladranke, kakao, guarana, maté-dranke)* word nie aanbeveel nie.

Raadpleeg jou Gesondheidsdeskundige indien:
- jy enige ander medisyne *(soos litium)* neem, insluitend kroniese, aanvullende of tradisionele medisyne;
- jy hoë boeddruk, gloukoom, en/of drukspier-onstabiliteit *(ooraktiewe blaas-sindroom)* het;
- jy aan 'n bloeding- of hemostatiese versteuring ly;
- jy bloedverdunners gebruik, soos Warfarin *(as gevolg van die Groen Tee-inhoud)*;
- jy asmaties is met sensitiwiteit vir aspirien;
- jou simptome erger word;
- jy NEUROXCEL® Recharge vir langer as 12 weke ononderbroke wil gebruik *(vanweë die Groen Tee Ekstrak)*.

Jy behoort twee weke *(14 dae)* voor chirurgie op te hou om NEUROXCEL® Recharge te gebruik.

NEUROXCEL® Recharge bevat Isomalt en Sorbitol, wat 'n effek mag hê op bloedsuikervlakke van individue wat met Diabetes Mellitus sukkel.

Indien jy slaaploosheid, angstigheid of hoofpyn ervaar vanweë die Ginsenginhoud moet jy NEUROXCEL® Recharge dadelik staak.

NEUROXCEL® Recharge is bedoel vir gebruik alleenlik deur Volwassenes en behoort nie aan kinders jonger as 18 jaar gegee te word nie *(vanweë die Ginseng en Groen Tee-inhoud)* tensy onder die direkte toesig van 'n gekwalifiseerde gesondheidsdeskundige.

Ander medisyne en NEUROXCEL® Recharge
Vertel altyd vir jou gesondheidsdeskundige as jy enige ander middels neem. Dit sluit aanvullende of tradisionele medisyne in.

Gebruik saam met ander medisyne *(bv. bitter lemoenekstrak, sinefrien, oktopamien, efedra, efedrien)* wat bloeddruk verhoog, word nie saam met NEUROXCEL® Recharge aanbeveel nie.

Neem NEUROXCEL® Recharge 2 uur voor of na jy ander medikasies geneem het, insluitend ander natuurlike gesondheidsprodukte.

Hoë-dosis Vitamien D mag die risiko van hiperkalsemie verhoog.

Vrugbaarheid, Swangerskap, en Borsvoeding
Indien jy swanger is of borsvoed, dink dat jy swanger mag wees of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsdeskundige voordat jy hierdie medisyne neem.

As jy van vrugbare ouderdom is, swanger is of borsvoed en besorg is dat jou daaglikse inname van kafeïen uit alle bronne 200 mg mag oorskry, raadpleeg asseblief 'n geskikte gesondheidsdeskundige voor gebruik.

Die veiligheid van Ginseng en Groen Tee soos deur NEUROXCEL® Recharge bevat en in afdeling 6 aangegee is nie tydens swangerskap getoets nie.

Motorbestuur en die gebruik van masjinerie
NEUROXCEL® Recharge het nie 'n effek op die vermoë om te bestuur of wanneer 'n persoon masjinerie hanteer nie.

3. Hoe om NEUROXCEL® Recharge te neem

Moenie enige medisyne met iemand anders deel nie.
Neem NEUROXCEL® Recharge altyd presies soos in hierdie pamflet beskryf of soos jou dokter, apteker of ander gesondheidsdeskundige jou aanbeveel het. Vra jou dokter of apteker as jy nie seker is nie.

Slegs vir mondelikse gebruik.

Die gewone dosering is een NEUROXCEL® Recharge Bruistablet in 'n glas water opgelos in die Oggend saam met ontbyt.

NEUROXCEL® Recharge moet altyd na maaltye geneem word.

Moenie die Bruistablet heel sluk of dit kou nie, die Bruistablet moet in 'n glas met ongeveer 200 ml water opgelos word.

NEUROXCEL® Recharge kan daagliks geneem word vir so lank as wat jou gesondheidsdeskundige dit vir jou aanbeveel.

As jy meer NEUROXCEL® Recharge neem as wat jy moes
In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. As nie een van die twee beskikbaar is nie, kontak jou naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As 'n oordosis vermoed word, moet NEUROXCEL® Recharge dadelik gestaak word.

Behandeling is oor die algemeen simptomaties en ondersteunend.

As jy vergeet om NEUROXCEL® Recharge te neem
Moenie 'n dubbele dosis van NEUROXCEL® Recharge neem om te vergoed vir 'n individuele dosis wat jy vergeet het nie.

4. Moontlike newe-effekte

NEUROXCEL® Recharge kan in uitsonderlike gevalle newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir NEUROXCEL® Recharge vermeld is, is in hierdie pamflet ingesluit nie. As jou algemene gesondheid versleg of as jy enige newe-effekte ervaar terwyl jy NEUROXCEL® Recharge neem, vra asseblief jou gesondheidsdeskundige vir advies.

Minder Dikwelse newe effekte:
- naarheid (voel mislik)
- diarree
- hardlywigheid
- slegte spysvertering
- opgeblaasde maag
- winderigheid

Dikwelse newe-effekte:
- heldergeel urine

Aanmelding van newe-effekte:
As jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie pamflet genoem word nie, meld dit asseblief by AnaStellar Brands (Edms) Bpk. aan by pharmacist@anastellar.co.za, (011) 792 4601 of https://anastellar.co.za.

Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van NEUROXCEL® Recharge te verskaf.

5. Hoe om NEUROXCEL® Recharge te bewaar

Hou alle medisyne buite kinders se bereik.
Bewaar teen 25 °C of benede.
Moenie in 'n yskas verkoel of vries nie.
Beskerm teen lig en vogtigheid.
Bewaar in die oorspronklike houer.
Hou die Bruistablette in die buis totdat dit nodig is vir gebruik, moenie in ander houers uitgooi nie.
Moenie in 'n Badkamer of Kombuis bêre nie.
Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.
Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

6. Die inhoud van die kartondosie en ander inligting

Wat NEUROXCEL® Recharge bevat :

NEUROXCEL® Recharge bestaan uit 1 Komponent:

Elke Bruistablet bevat:

Vitamien B1 (Aktief) afgelei van Tiamienpirofosfaat 25 mg	**25**	**mg**
Vitamien B2 (Aktief) afgelei van Riboflavien-5-Fosfaat 13 mg	**10**	**mg**
Nikotienamied Ribosied afgelei van Vitamien B3 300 mg	**300**	**mg**
Vitamien B6 (Aktief) afgelei van Piridoksale-5-Fosfaat Monohidraat 108 mg	**100**	**mg**
Vitamien B12 (Aktief) afgelei van Metielkobalamien 100 µg	**100**	**µg**
Folaat (Aktief) afgelei van (6S)-5-Metieltetrahidrofolaat 694 µg	**500**	**µg**
Vitamien D3 afgelei van Cholekalsiferol 10 mg	**1 000**	**IE**
Ginseng [Wortel] afgelei van *Panax Ginseng* Gedroog 5:1 Ekstrak 200 mg	**40**	**mg**
Groen Tee [Blaar] afgelei van *Camellia sinensis* Ekstrak 100 mg verskaf 13-15 mg Kafeïen	**100**	**mg**

Die ander bestanddele is Isomalt, Natriumbensoaat, Natriumbikarbonaat, Poliëtileenglikol, Polivinielpirrolidon, Silikondioksied, Sitroensuur, Sitrusgeur, Sorbitol, Sukralose en Wynsteensuur.

NEUROXCEL® Recharge is Sukrosevry.
Versoeters: Isomalt (0,4 g), Sorbitol (0,3 g), en Sukralose (17 mg) per tablet.

Hoe NEUROXCEL® Recharge lyk en die inhoud van die kartondosie

NEUROXCEL® Recharge is beskikbaar as 'n 10 Dag Voorraad Sitrus Bruistablet.

10-dag voorraad:
Elke kartondosie bevat 1x Polipropileen IML buis met drukwerk op, en LDPE peuter-bevestigende, af-druk tipe wit droogmiddelstuiters, met 10x Geel Sitrus Bruistablette in die buis.
Verpakte grootte van 10x Bruistablette in 'n kartondosie.
Kartondosie met 1x Peutervrye Seël op die boks-opening.

Houer van die Registrasiesertifikaat

AnaStellar Brands (Edms) Bpk.
Posbus 639
Fontainebleau
2032
Suid-Afrika
+27 (0)11 792 4601

Registrasienommer

Moet toegeken word

Hierdie pamflet is laas in Oktober 2025 hersien

Die Professionele Inligtingspamflet is beskikbaar by https://anastellar.co.za

Hierdie ongeregistreerde middel is nie deur die SAHPRA vir sy gehalte, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie.

NXR/LF/01